

# TATA Heilbron oop vir besigheid

Die enigste voertuigagentskap in Heilbron het Woensdag, 31 Oktober amptelik sy deure vir besigheid geopen.

Met heerlike peuselhappies en drinkgoed is bestaande-, nuwe- en opkomende kliënte verwelkom. TATA Heilbron is gereed vir besigheid!

Noël Thompson, eienaar en bestuurder van TATA Heilbron, het besluit om die agentskap in Heilbron te open, omdat hy die behoefte vir die agentskap raakgesien het en kliënte in die omgewing het.

Thompson wil vir sy kliënte die geleentheid skep om hul voertuie in te bring vir dienste en om die nodige parte en olies te kan verskaf. "Amper soos 'n one stop shop", skerts een van die spanlede.

Die feit dat hier nou 'n TATA agentskap in Heilbron is, spaar kliënte tyd om 'n dag lank in die stad deur te bring om sodoende 'n TATA agentskap te kan besoek.

TATA Heilbron verskaf die volgende dienste: koop en verkoop van voertuie en swaar-motorvoertuie, Farmtrac Tractors, Feeler konstruksie toerusting, Mega Lube olie en hulle is agente vir Dickson batterye.

"Die belangstellings en navrae lyk goed", noem Thompson.

"Solank jy goeie diens aan jou kliënte verskaf sal jou besigheid suksesvol wees". Met trots sê Thompson TATA Heilbron hier is vir die langtermyn.



Op die foto is die spanlede vir 2018. Voor: Daniel Mofokeng, Koramang Msimanga en Willie Dreyer. Tweede ry: Richard Thompson, Noël Thompson, Naomi Burmeister en Jesse Jordaan. Agter: Mackferson Limbanga, Hetta Pretorius en Anne Denholm.

## Uitstekende diens word beloon

BKB Louwid het op 22 Oktober hul jaarvergadering gehou by die Royal Auction Centre op Frankfort. Daar is baie pryse aan bemerkers en werkers gegee vir uitstekende diens en harde werk.

GP van Reede van Oudtshoorn was die gasspreker en het die span baie goed gemotiveer met sy besondere gawe met mense.

Wentzel Vorster van BKB Louwid Noord is aangewys as die takbestuurder met die grootste omset.



Douw van Wyk is aangewys as die takbestuurder met die grootste omset van BKB Louwid Oos.



Willem Kruger van Bethlehem is aangewys as die bemarker met die hoogste omset van BKB Louwid Oos.



BKB Louwid wil ook graag vir Jan Mostert, Willem Kruger en Douw van Wyk geluk se met hulle kinders wat in hulle onderskeie skole verkies is as hoofseun en hoofdogters.



Natasha Snyman van Frankfort is aangewys as die BKB Louwid se admin personeelid van die jaar.



Sonja van Rooyen is aangewys as personeelid van die jaar by BKB Louwid Noord.



Erik Heymans van Standerton is aangewys as die bemarker met die hoogste omset vir die jaar.



Louwtjie Bezuidenhout van Bultfontein is aangewys as die bemarker met die grootste omset groei.

## Reis saam na Kanada en Alaska



Hierdie week by die Heilbron Dienssentrum het Rita Groenewald, die gasspreker, 'n foto-aanbieding gedoen in verband met haar besoek aan Kanada en Alaska. Die Dienssentrumlede het heerlik saam getoer en koek en tee geniet. Op die foto is Rita Groenewald en Quarta Pretorius.



## Riemland Matriekafskeid paartjie vir 2018

Die wenner vir Die Riemland Matriekafskeid Paartjie 2018 is Junior Mouton.

In die tweede plek eindig Chenique Kühn en in die derde plek Stella Farell. Baie geluk aan die wenner en baie dankie vir die deelnemers.

Junior stap weg met twee canvasse en geskenkbewyse.

Baie dankie aan Herald Office National en Villa Rosa vir die borg van hierdie pryse.